



# Lede- gids 2025

Ons het 'n plan vir **#elkeen**

  
MedVital

  
MedAdd

  
MedSaver

  
MedElect

  
MedElite

  
MedPrime



# Totsiens, telefoon!

Jy hoef nie meer te bel of e-posse te stuur om jou mediesefondssake te doen nie. Of dit nou gedurende die werksdag of na-ure is, al jou inligting is 24/7 aanlyn beskikbaar op die Member Zone en Medihelp-app. Op dié gerieflike digitale platforms kan jy onder meer voorafgoedkeuring vir hospitaalopnames, prosedures en medisyne kry.




## Op die Member Zone kan jy ook:

- Jou e-lidkaart kry en dit met mediese praktisyne deel.
- Jou beskikbare voordele sien.
- Voorafgoedkeuring vir dienste en medisyne kry.
- Na gesondheidsorgverskaffers en hospitale in jou omgewing soek.
- Eise indien en die eisproses volg.
- Jou persoonlike en bankbesonderhede wysig.
- Jou belastingsertifikaat aflaai.

**Jou afhanklikes kan ook op die Member Zone registreer en hul voordele sien.**

## Toegang tot jou mediesefonds-inligting enige tyd, enige plek

Jy kan die Medihelp-app gratis op die Member Zone aflaai, of in enige van die volgende slimfoonappwinkels: Apple App Store, Google Play of Huawei AppGallery. Met die Medihelp-app het jy jou e-lidkaart en voordele altyd byderhand.



# Inhoud

04	Jou gesondheidsvennoot in elke lewensfase
05	Planoorsig
06	Bykomende versekerde voordele
08	Ons sorg vir jou
10	Die begin van jou Ouerskapreis
11	Ouerskapreis - vervolg
12	Maandelikse ledegeld
13	MedVital
15	MedAdd
17	MedSaver
19	MedElect
21	MedPrime
23	MedElite
25	Voorgeskrewe minimum voordele
26	Hospitaal- en dagprosedurenetwerke
27	Belangrike inligting oor spaarplanne
28	Inwendig ingeplante prostese
29	Uitwendige prostese en mediese toestelle
30	Bybetalings
32	Wat word nie gedek nie
33	Verduideliking van begrippe
35	Kontak ons



# Jou **gesondheidsvennoot** in elke lewensfase

Met **120 jaar se ervaring** in 2025 en **gehaltegesondheidsorgdekking vir bykans 217 000 lede**, is jy in veilige hande by Medihelp.



## Gesonde keuses, gesonde belonings

Ontsluit bykomende dag-tot-dag-voordele vir jou en jou gesin met ons uitgebreidesorgvoordeel. **Ontvang R510 vir oor-die-toonbank-medikasie en 'n gratis doktersbesoek** wanneer jy vir gesondheidsondersoeke en -toetse gaan.



## Familie eerste

Ons sorg vir jou hele span. Betaal kindertariewe tot die ouderdom van 26. Het jy meer as twee kinders? **Die derde een is gratis!**\*. Plus, fantastiese swangerskapvoordele en noodsaaklike kinderinentings.



## 'n Plan vir elkeen

Met 'n keuse van 11 planne is ons hier vir die studente wat hul drome najaag, die enkellopendes wat onafhanklikheid koester en gesinne wat met liefde groei. Van basiese dekking tot spaarplanne en omvattende opsies - **ons het 'n plan vir JOU!**



## Sorgprogramme

**Ons gee om** vir jou geestesgesondheid, swangerskapreis en jou herstel nadat jy uit die hospitaal ontslaan is, **want goedhartigheid maak saak.**



## Welstand, nie wins, kom eerste

Medihelp is 'n selfgeadministreerde mediese skema, wat beteken dat ons jou welstand bo wins stel.

\* Gesinne op MedVital, MedAdd, en MedPrime




# Planoorsig

## Basiese planne

- Dekking vir noodsaaklike mediese dienste
- Ideaal vir studente en diegene wat nog nie voorheen aan 'n mediese fonds behoort het nie

Bydraes begin by  
**R750**  
vir studente



**MedMove! Student:** 'n Sakpasplan vir alle studente


**MedMove!:** 'n Digitale gesondheidsvennoot vir die tegnoslim generasie

**MedVital Elect and MedVital:** Bekostigbare dekking vir noodsaaklike dienste

## Spaarplanne

- Die vryheid om jou eie gesondheidsorguitgawes te bestuur
- Ongebruikte spaargeld word na die volgende jaar oorgedra en verdien rente

Bydraes begin by  
**R2 970**




**MedSaver:** 'n **25%-spaarrekening** wat vryheid en gemoedsrus bring

**MedAdd Elect en MedAdd:** 'n **15%-spaarrekening** bied aan jong gesinne die vryheid om self hul gesondheidsorguitgawes te bestuur

## Omvattende planne

- Omvattende versekerde voordele vir uitgawes buite die hospitaal
- Spesiale gesinstariewe
- Dekking vir verskeie dienste om aan meer uitgebreide gesondheidsorgbehoefes te voldoen

Bydraes begin by  
**R3 126**



**MedElect:** 'n Volledige mandjie voordele teen 'n bekostigbare prys

**MedPrime Elect en MedPrime:** Gesinsplanne met 'n **10%-spaarrekening** en ruim versekerde voordele, insluitend dekking vir tandheelkunde en oogkunde

**MedElite en MedPlus:** Allesomvattende planne vir gesinne en individue met uitgebreide gesondheidsorgbehoefes



# Bykomende versekerde voordele

## Uitgebreidesorgvoordeel

Groot belonings vir voorkomende sorg



- **Een bykomende huisdokterbesoek:** Die eerste eis vir 'n Papsmeer, mammogram, prostaattoets, fekale okkulte bloedoets (FOBT) of beenmineraaldigtheidstoets aktiveer 'n **bykomende huisdokterbesoek vir die gesin vir die jaar.**
- **Oor-die-toonbank-medikasie by 'n netwerkapteek:** 'n Bykomende **R510** vir oor-die-toonbank-medikasie vir die gesin word ontsluit sodra 'n kombinasiegesondheidstoets uit die bykomende versekerde voordele betaal word.

**Neem asseblief kennis:** Die uitgebreidesorgvoordeel is nie beskikbaar op MedMove! nie. Voordele word betaal teen 100% van die Medihelp-tarief.

## Vrouegesondheid

Gesonde vroue, gesonde gemeenskap



- 'n **Mammogram** versoek deur 'n mediese dokter per tweejaarsiklus (vroue 40-75 jaar)
- 'n **Papsmeer** versoek deur 'n mediese dokter per driejaarsiklus (vroue 21-65 jaar)
- **Voorbehoedmiddels**
- Orale/inspuitbare/inplantbare voorbehoedmiddels (vroue tot 50 jaar)
- Intra-uteriene apparaat elke 60 maande
- **Beenmineraaldigtheidstoets**

**Neem asseblief kennis:** Die mammogramvoordeel is nie beskikbaar op MedMove! nie.

## Uitgebreide swangerskapvoordele

Opwindende reise



- **Tien voorgeboorte- en nageboortekonsultasies by 'n voedvrou/algemene praktisyn/ginekoloog** (lede van MedVital Elect, MedAdd Elect en MedElect hoef nie deur 'n algemene praktisyn in die netwerk na 'n ginekoloog verwys te word nie)
- **Twee voorgeboorte- en nageboortekonsultasies by 'n dieetkundige/laktasiespesialis/voorgeboorteklasse**
- **Twee 2D-sonarondersoeke**
- **Voorgeboorte-ysteraanvullings** vir nege maande\*
- **Voorgeboorte-foliensuuraanvullings** vir nege maande\*

\* Word uit beskikbare dag-tot-dag-voordele/spaarrekening betaal vir lede op MedVital, MedAdd, MedSaver en MedElect.

**Neem asseblief kennis:** Swangerskapvoordele is nie beskikbaar op MedMove! nie.

## Voordele vir kinders

Gemoedsrus vir die hele gesin



- **Griepinenting vir kinders** by netwerkapteeklynieke
- Babas onder twee jaar ontvang **twee bykomende besoeke by 'n algemene praktisyn, pediater of oor-neus-en-keelspesialis** (lede op MedVital Elect, MedAdd Elect en MedElect hoef nie deur 'n algemene praktisyn in die netwerk na hierdie spesialiste verwys te word nie)
- 'n **Volledige skedule van standaardimmunisering** vir kinders tot sewe jaar word by netwerkapteeklynieke gedek
- **Gehoortoets** vir pasgebore babas voor hospitaalontslag

**Neem asseblief kennis:** Slegs griepinspuitings vir kinders is beskikbaar op MedMove!

Met 'n sterk fokus op voorkomende sorg en die vroeë bespeuring van moontlike gesondheidsprobleme, asook voordele vir swangerskap en die kleinspan, word hierdie voordele bykomend tot ander versekerde voordele gebied. Voordele is jaarliks beskikbaar (tensy anders aangedui). Protokodes en spesifieke itemkodes kan van toepassing wees. Inligting oor netwerkdienverskaffers is op Medihelp se webtuiste beskikbaar by die **Soek 'n verskaffer**-funksie.

Lees meer oor ons Ouerskapreis op bladsy 10

# Bykomende versekerde voordele

## Roetine-ondersoeke en immunisering

Beskerm jou toekomstige gesondheid vandag



- 'n **Kombinasietoets** (bloedglukose, cholesterol, LMI en bloeddrukmeting) of **individuele toets** (bloedglukose/cholesterol)
- **MIV-toetsing, -berading en -ondersteuning**
- 'n **Tetanusinenting**
- 'n **Griepinenting**
- **Twee MPV-inentings** vir meisies en seuns tussen 10 en 14 jaar of **drie inentings** tussen 15 en 26 jaar

**Neem asseblief kennis:** Beskikbaar by netwerkapteeklynne per persoon. Tetanus- en MPV-inentings word op alle planne behalwe MedMove! gedek.

## Mangesondheid

Leef gesonder, langer en sterker



- 'n **Prostaattoets** (PSA-vlak) versoek deur 'n mediese dokter (mans tussen 40 en 75 jaar)

**Neem asseblief kennis:** Die prostaattoetsvoordeel is op alle planne behalwe MedMove! van toepassing.

## Toetse en inentings vir dié ouer as 45

Lewenskragtigheid in jou fleur



- Vroue bo 65 jaar het toegang tot een **beenmineraaldigtheidstoets** wat deur 'n mediese dokter versoek word per tweejaarsiklus
- 'n **Pneumovax-inenting** in 'n vyfjaarsiklus per persoon ouer as 55 jaar (indien vir asma of chroniese obstruktiwe lugwegsiekte (COLS) geregistreer)
- 'n **Fekale okkulte bloedtoets** (FOBT) vir lede tussen 45 en 75 jaar

**Neem asseblief kennis:** Hierdie voordele is op alle planne behalwe MedMove! beskikbaar.

## Welstandwoema

Toewyding tot gehaltesorg



- Kwalifiserende pasiënte ontvang **een rug-en-nekbehandeling** per beoordeelde in 'n 12-maandsiklus as alternatief vir chirurgie by 'n Documentation Based Care-fasiliteit. Dié behandelingsprogram is 'n voorvereiste vir spinale intervensie
- **Een konsultasie by 'n dieetkundige** per geregistreerde HealthPrint-lid indien 'n LMI-meting 'n LMI bo 30 aandui
- 'n **Onkologieprogram** word in samewerking met onkoloë in die Independent Clinical Oncology Network (Icon) aangebied
- 'n **MIV-program** word in samewerking met LifeSense Disease Management aangebied

**Neem asseblief kennis:** Rug-en-nekbehandeling en konsultasies by 'n dieetkundige word op alle planne behalwe MedMove! gedek.

**Neem asseblief kennis:** Sekere bykomende versekerde voordele is nie beskikbaar indien die pasiënt die toestand vir VMV of voordele vir chroniese medisyne geregistreer het nie, aangesien die behandeling dan nie meer as voorkomende sorg beskou word nie. Voordele word betaal teen 100% van die MT. Konsultasies by dokters word betaal uit die beskikbare spaarrekening/dag-tot-dag-voordele. Patologievoorkeurverskaffers (Ampath, Lancet en PathCare Vermaak) en algemene praktisyne in die netwerk geld vir sekere netwerkplanne.

# Ons sorg vir jou

## Rug-en-nek-behandelingsprogram

Medihelp se rug-en-nek-behandelingsprogram, wat landswyd deur Documentation Based Care (DBC) aangebied word, is 'n voorvereiste vir spinale intervensie. Die program se doel is om die algemene buigsaamheid van die ruggraat te verbeter, spesifieke rugspiere te versterk om pyn te verlig, en pasiënte te help om normale rug- en nekfunksie te herwin en moontlike chirurgie te vermy.

Alle lede (behalwe MedMove!-lede) het toegang tot een program in 'n 12-maandsiklus.

Voordat lede spinale intervensie oorweeg, moet hulle aan die DBC se rehabilitasieprogram of 'n beskikbare alternatief deelneem.

Lede kan die besonderhede van DBC-diensverskaffers aanvra deur 'n e-pos te stuur na [enquiries@medihelp.co.za](mailto:enquiries@medihelp.co.za).

## MIV/Vigs-program

Lede ontvang bykomende voordele deur ons MIV/Vigs-program wat in samewerking met LifeSense Disease Management aangebied word.

### Medihelp betaal 100% van die koste vir:

- Behandeling vir toevallige MIV-blootstelling
- MIV-sifting, -toetsing (nie-patologies) en -berading by netwerkapteke
- Antiretrovirale terapie deur LifeSense en medisyne by Dis-Chem en Medipost

## Kankerprogram

Medihelp-lede het toegang tot omvattende kankervoordele wat deur ons aangewese diensverskaffer, die Independent Clinical Oncology Network (Icon), verskaf word. Indien jy met kanker gediagnoseer word, is die eerste stap om vir die Medihelp-kankerprogram te registreer deur 'n e-pos na [oncology@medihelp.co.za](mailto:oncology@medihelp.co.za) te stuur.

Lede sal 'n skedule ontvang met al die nodige inligting rakende planspesifieke behandelingsplanne en aangewese diensverskaffers soos spesialiste en apteke.

## Kankerdekking

Die voordelebedrag per plan is op alle kankerbehandelings, insluitend hospitaal- en verwante dienste, van toepassing.

Vir **VMV-kankerbehandeling** sal behandeling en dienste binne en buite die hospitaal - insluitend konsultasies, ondersoeke as deel van kankerbestuur, patologie en radiologie - teen 100% van die koste gedek word, onderhewig aan VMV-wetgewing, die Medihelp Reëls, tariewe en protokolle.

Vir **nie-VMV-kankerbehandeling** is hospitaal- en verwante dienste soos konsultasies, ondersoeke, patologie en radiologie onderworpe aan die Medihelp Reëls en protokolle, met die **voordelebedrag van toepassing per plan**.

Slegs VMV-kankerbehandeling sal verder gedek word nadat voordele uitgeput is, onderhewig aan VMV-wetgewing, protokolle en die Medihelp Reëls.

Lede kan onnodige bybetalings vermy deur te verseker dat die behandelingsplan met Icon-protokolle ooreenstem wat op hul spesifieke voordeleplan van toepassing is; deur 'n onkoloog binne Medihelp se aangewesediensverskaffernetwerk te gebruik; en medisyne te gebruik wat met die Medihelp-onkologieverwysingsprys (MOV) ooreenstem.

Lede op MedMove!, MedVital Elect, MedAdd Elect, MedElect en MedPrime Elect kan onnodige bybetalings vermy deur hul medisyne hier te kry:

**Dis-Chem Oncology:** Tel: 010 003 8948 | [oncology@dischem.co.za](mailto:oncology@dischem.co.za)

**Medipost:** Tel: 012 404 4430 | [oncology@medipost.co.za](mailto:oncology@medipost.co.za)  
Whatsapp: 012 426 4655

**Protokolle en die Medihelp-onkologieverwysingsprys geld en kankerbehandeling moet by Icon-onkoloë verkry word.**



# Ons sorg vir jou

## Sorgprogram ná hospitaalontslag

Medihelp se sorgprogram ná ontslag uit die hospitaal ondersteun lede op hul pad na herstel.

Medihelp is bewus van die uitdagings en onsekerheid wat met herstel gepaardgaan. Ons ken daarom 'n toegewyde sorgafrigter aan lede toe wat sekere prosedures ondergaan het. Die sorgafrigters ondersteun lede tydens die genesingsproses, doen persoonlik navraag oor hul vordering, pak bekommernisse aan en gee raad waar nodig.

Die doel van hierdie proaktiewe benadering is om angstigheid te verminder, heropnames te voorkom, en 'n spoedige herstel te verseker.

## Siektebestuursprogram

Om lede te help om hoë cholesterol, diabetes en hoë bloeddruk te bestuur, bied Medihelp 'n siektebestuursprogram. Dié program bied dekking vir behandeling, ondersteuning met praktiese inligting, asook herinnering aan belangrike afsprake. Sodra bevoordeeldes vir een of meer van hierdie chroniese toestande registreer, word hulle genooi om by die program aan te sluit. Vir jou gerief is die siektebestuursprogram by die [Member Zone](#) geïntegreer.

## Palliatiewe sorgprogram

Medihelp se nuwe palliatiewe sorgprogram, in samewerking met die Association of Palliative Care Practitioners of South Africa (PALPRAC), bied bemoediging en ondersteuning aan lede en gesinne wat deur ernstige siektes in die gesig gestaar word. Dié sorgsame diens word deur 'n multidissiplinêre span dokters, verpleegkundiges en maatskaplike werkers gelewer. Hulle is almal opgelei om persoonlike, holistiese sorg te bied wat aan die fisieke, emosionele en sosiale behoeftes van dié in hul sorg voldoen. Anders as tradisionele versorgingstehuissorg, waar die fokus dikwels op die terminale stadium val, kan ons palliatiewe sorg tydens enige stadium van die siekte begin en by die veranderende behoeftes van lede en hul geliefdes aanpas. Deur voorkeur te gee aan lewensgehalte, lyding te voorkom en emosionele ondersteuning te bied, verseker ons program dat lede so gemaklik moontlik bly. Ons streef daarna om die hoogste standaard van sorg te bied en broodnodige ondersteuning aan gesinne te verskaf – of dit nou by die huis of in 'n versorgingstehuis is.

# Noodgevalle

## Wat is 'n mediese noodgeval?

'n Mediese noodgeval is 'n skielike en onverwagse gebeurtenis wat onmiddellike mediese of chirurgiese behandeling vereis om jou gesondheid te beskerm. Indien jy nie mediese of chirurgiese behandeling ontvang nie, kan dit jou liggaamsfunksies ernstig aantas, die wanfunksionering van 'n orgaan of liggaamsdeel veroorsaak, of selfs jou lewe in gevaar stel.

## Trauma

Jy is gedek vir trauma wat hospitalisasie vereis, soos in die geval van:

- Motorongelukke
- Steekwonde
- Nablootstellingsprofilakse vir MIV/Vigs
- Brandwonde
- Skietwonde
- Kopbeserings

## Voordele vir mediese noodvervoer (alle planne)

### Netcare 911

Dienste is onderhewig aan voorafgoedkeuring en protokolle

In die land waar die bevoordeelde woon	Alle planne
In die RSA, Lesotho, Eswatini, Zimbabwe, Mosambiek, Namibië en Botswana <ul style="list-style-type: none"><li>• Padvervoer</li><li>• Lugvervoer</li></ul>	100% van die Medihelp-tarief (MT) Onbeperk
<b>Buite die land waar die bevoordeelde woon*</b>	
<ul style="list-style-type: none"><li>• Padvervoer</li></ul>	100% van die MT R2 500 per geval
<ul style="list-style-type: none"><li>• Lugvervoer</li></ul>	100% van die MT R16 900 per geval

\* Geld nie vir MedMove!-lede nie

## Wat is gedek?

- Die Netcare 911-ambulans of -helikopter
- Die hospitaalrekening
- Die rekeninge van die dokter, narkotiseur en ander goedgekeurde gesondheidsorgverskaffers

## Belangrik

- Gesondheidstoestande wat nie as noodgevalle kwalifiseer nie, sal uit jou beskikbare dag-tot-dag-voordele betaal word.
- Fasiliteitsfooie wat dokters by noodeenhede hef, is nie gedek nie.

## In 'n noodgeval

Indien jy noodvervoer benodig, skakel:

Netcare 911 | 082 911

# Die begin van jou Ouerskapreis

## Gratis aanlyn gesondheids- en welstandsondersteuning

Ons het 'n paar verrassings vir nuwe én gesoute ouers om jou ervaring verrykend en aangenaam te maak. Sodra 'n swanger mamma op die Member Zone registreer, kry jy toegang tot die [Parent Sense-app](#) om jou te help om elke tree van hierdie avontuur te navigeer. Behalwe vir nuttige onthounotas, kry ma's wat vir dié reis registreer ook toegang tot die volgende voordele en geskenke:



### Swangerskap

- Tien voor- en nageboortekonsultasies by 'n vroedvrou/algemene praktisyn/ginekoloog\*
- Twee voor- en nageboortekonsultasies by 'n dieetkundige, laktasiespesialis of voorgeboorteklasse
- Twee 2D-sonarondersoeke
- Voorgeboorte-ysteraanvullings vir nege maande
- Voorgeboorte-foliensuur aanvullings vir nege maande

Nuwe ouers het baie balle om in die lug te hou. As 'n spesiale geskenk, ontvang jy vir drie maande toegang tot 'n digitale assistent om jou met die alledaagse klein jakkalsies te help.

### Vir jou gemoedsrus sal ons jou aan die volgende herinner as jy vir ons Ouerskapreis geregistreer het:

- Wanneer om voorafgoedkeuring vir die bevalling te kry en bybetalings te vermy (vir beplande hospitalisasie of tuisbevalling)
- Om jou pasgebore baba binne 90 dae ná geboorte as 'n afhanklike te registreer

## Geboorte in die hospitaal of tuis

- Geen oorhoofse jaarlikse limiet nie
- Keisersneegeboortes word op alle planne behalwe MedMove! gedek
- 'n Afsonderlike, gespesifiseerde voordeel is vir tuisgeboortes beskikbaar
- Voordele word teen 100% van die Medihelp-tarief betaal
- 'n Vaste voordelebedrag vir voorskryfmedisyne wanneer jy uit die hospitaal ontslaan word

\* Lede van MedVital Elect, MedAdd Elect en MedElect hoef nie deur 'n algemene praktisyn in die netwerk na 'n ginekoloog verwys te word om bykomende versekerde voordele te ontvang nie.

**Neem asseblief kennis:** Bykomende versekerde voordele word op alle planne behalwe MedMove! gebied.



# Ouerskapreis - vervolg

## Baie geluk met die jongste toevoeging tot jou gesin!

Jy het reeds vir die Ouerskapreis op die Member Zone geregistreer, en teen hierdie tyd het jy die Parent Sense-app waar nuwe ouers toegang het tot die volgende:



Hou 'n ogie oor jou kleinding se slaaproetine, voeding, gesondheid en ontwikkeling



Vind aanbevelings vir daaglikse roetine



Kry toegang tot artikels en nuttige wenke deur kundiges



Vind inspirasie vir daaglikse speelaktiwiteite om ontwikkeling te bevorder



Neem die raaiwerk uit gesonde maaltye en resepte



Hou 'n digitale gesondheidsrekord van jou kleinding se gewig, inentings en mylpale

Geniet jy jou digitale regterhand? As 'n spesiale geskenk ontvang jy 'n bykomende drie maande se toegang tot die app om jou met alledaagse administrasie te help.

## Babas en kleuters

Bykomend tot die dag-tot-dag- en ander versekerde voordele, ontvang lede van Medihelp se gesinsopsies ook toegang tot:



Twee besoeke by 'n pediater\*, algemene praktisyn of oor-neus-en-keelspesialis\* vir babas jonger as twee jaar



Standaardimmunisering vir kinders tot en met sewe jaar



### MedSaver

Bykomende voordeel van R2 500 per gesin sodra die spaarrekening opgebruik is

## Standaardimmunisering vir kinders - inentingskedule

By geboorte	6 weke	10 weke	14 weke	6 maande	9 maande	12 maande	18 maande	6 jaar
BCG-immunisering vir TB	Orale polio-immunisering	Immunisering vir difterie, tetanus, asellulêre pertussis (kinkhoes)	Rotavirus-immunisering	Masels-immunisering (1ste)	Gekonjugeerde Pneumokokkus-immunisering en waterpokkies-immunisering	Masels-immunisering (2de)	Immunisering vir difterie, tetanus, asellulêre pertussis (kinkhoes) asook die onaktiewe polio-immunisering, haemophilus influenzae tipe B- en hepatitis B-immunisering gekombineerd (4de)	Immunisering vir tetanus en difterie
Orale polio-immunisering	Gekonjugeerde Pneumokokkus-immunisering	asook die onaktiewe polio-immunisering, haemophilus influenzae tipe B- en hepatitis B-immunisering gekombineerd (2de)	Immunisering vir difterie, tetanus, asellulêre pertussis (kinkhoes) asook die onaktiewe polio-immunisering en haemophilus influenzae tipe B- en hepatitis B-immunisering gekombineerd (3de)					

\* Lede van MedVital Elect, MedAdd Elect en MedElect hoef nie deur 'n huisdokter in die netwerk na 'n pediater of oor-neus-en-keelspesialis verwys te word om bykomende versekerde voordele te ontvang nie. Konsultasies word teen die Medihelp-tarief betaal.

# Maandelikse ledegeld



**Drie kinders of meer onder 18?**  
 Jy betaal ledegeld vir net twee van die jongste op  
 MedVital, MedAdd en MedPrime

**Ledegeeld vir kinderafhanklikes**  
 geld tot op 26 jaar

	MedVital Elect	MedVital	MedAdd Elect	MedAdd	MedSaver	MedElect	MedPrime Elect	MedPrime	MedElite
Hooflid	R2 244	R2 880	R2 970 R5 328 per jaar	R3 720 R6 696 per jaar	R3 900 R11 644 per jaar	R3 126	R4 344 R5 184 per jaar	R5 304 R6 336 per jaar	R8 172 R9 792 per jaar
Afhanklike	R1 632	R2 214	R2 328 R4 176 per jaar	R3 138 R5 616 per jaar	R3 204 R9 576 per jaar	R2 448	R3 666 R4 392 per jaar	R4 482 R5 400 per jaar	R7 650 R9 216 per jaar
Kinder - afhanklike <26 jaar	R942	R990	R1 032 R1 872 per jaar	R1 260 R2 304 per jaar	R1 200 R3 600 per jaar	R1 014	R1 266 R1 512 per jaar	R1 548 R1 872 per jaar	R2 214 R2 664 per jaar
	R3 876	R5 094	R5 298 R9 504 per jaar	R6 858 R12 312 per jaar	R7 104 R21 240 per jaar	R5 574	R8 010 R9 576 per jaar	R9 786 R11 736 per jaar	R15 822 R19 008 per jaar
	R3 186	R3 870	R4 002 R7 200 per jaar	R4 980 R9 000 per jaar	R5 100 R15 264 per jaar	R4 140	R5 610 R6 696 per jaar	R6 852 R8 208 per jaar	R10 386 R12 456 per jaar
	R4 128	R4 860	R5 034 R9 072 per jaar	R6 240 R11 304 per jaar	R6 300 R18 864 per jaar	R5 154	R6 876 R8 208 per jaar	R8 400 R10 080 per jaar	R12 600 R15 120 per jaar
	R4 818	R6 084	R6 330 R11 376 per jaar	R8 118 R14 616 per jaar	R8 304 R24 840 per jaar	R6 588	R9 276 R11 088 per jaar	R11 334 R13 608 per jaar	R18 036 R21 672 per jaar
	R5 760	R7 074	R7 362 R13 248 per jaar	R9 378 R16 920 per jaar	R9 504 R28 440 per jaar	R7 602	R10 542 R12 600 per jaar	R12 882 R15 480 per jaar	R20 250 R24 336 per jaar
	R5 760	R7 074	R7 362 R13 248 per jaar	R9 378 R16 920 per jaar	R11 904 R35 640 per jaar	R9 630	R10 542 R12 600 per jaar	R12 882 R15 480 per jaar	R24 678 R29 664 per jaar

**Belangrik:** Vir planne met 'n spaarrekening is 'n kredietfasiliteit gelykstaande aan 12 maande se bydraes tot die persoonlike mediese spaarrekening aan die begin van elke boekjaar beskikbaar. Indien jy ná Januarie aansluit, word die spaarbedrag en voordele bereken volgens die getal oorblywende maande in die jaar. Spaargeld wat nie gebruik word nie, word na die volgende jaar oorgedra. Let daarop dat laataansluitingsbeladings nie bygereken is nie.

# Bekostigbare mediese dekking

MedVital



Vanaf **R2 244**  
per maand

## Dag-tot-dag-voordele

● R1 500 per jaar | ● R2 900 per jaar ●



Spesialiste



Huisdokters



Fisioterapie



Medisyne

## Posthospitaalsorg

Tot 30 dae ná ontslag uit 'n hospitaal of dagprosedurefasiliteit



## Bykomende versekerde voordele



**Voorbehoed-middels**  
R2 100/R2 350



10 swangerskap-konsultasies



2 huisdokter-/spesialisbesoeke vir kinders onder 2 jaar



**Voorkomende sorg**  
Gesondheids- en siftingstoetse



1 Huisdokterbesoek



R510 selfmedikasie

Geaktiveer ná sekere gesondheids-/siftingstoetse

## Kernvoordele



Trauma- en mediesenoed gevaldekking



Gehalte-privaat hospitalisasie



Dekking vir 271 VMV-diagnoses en alle CDL-toestande



Gespesialiseerde radiologie binne en buite die hospitaal

**MedVital** MedVital bied bekostigbare dekking vir noodsaaklike gesondheidsorgdienste.



Gehaltene twerk van privaat hospitale

Hooflid



**MedVital Elect**

R2 244

**MedVital**

R2 880

Afhanklike



R1 632

R2 214

Kinderafhanklike <26 jaar



R942




R990

Jy betaal slegs vir 2 kinders onder 18 en kinderafhanklike tariewe vir alle kinders onder 26. EN jy kan spaar op jou maandelikse ledegeld as jy die netwerkopsie kies.



**medihelp**  
Mediese Fonds in Aksie

## Maandelikse ledegeld

		MedVital Elect	MedVital
Hooflid		R2 244	R2 880
Afhanklike		R1 632	R2 214
Kinderafhanklike <26 jaar		R942	R990

Jy betaal net vir twee kinders jonger as 18 jaar en jy betaal die ledegeld vir kinderafhanklikes tot hulle 26 is

## Dag-tot-dag-voordele

Konsultasies, akute medisyne, immunisering, fisioterapie en besoeke aan noodeenheid MedVital Elect – netwerk van algemene praktisyne en verwysing deur 'n algemene praktisyn in die netwerk na spesialiste is van toepassing	Lid = R1 500 Gesin = R2 900
Tandheelkunde (DRC-netwerk)	Verwydering van geïmpakteerde tande in die tandarts se spreekkamer
<b>Uitgebreide sorg</b>	
Een bykomende konsultasie by 'n algemene praktisyn	Word geaktiveer vir die gesin sodra die eerste eis vir 'n spesifieke gesondheidstoets* uit jou bykomende versekerde voordele betaal word
R510 vir selfmedikasie gerecepteer by 'n netwerkapteek	Word geaktiveer vir die gesin sodra die eerste eis vir 'n kombinasiegesondheidstoets** uit jou bykomende versekerde voordele betaal word

## Bykomende versekerde voordele

Hierdie voordele word bykomend tot jou versekerde dag-tot-dag-voordele gebied en word geaktiveer sodra jy op die Member Zone registreer vir HealthPrint, Medihelp se gratis welstandsprogram vir lede. Die uitslae van jou gesondheidstoets by Dis-Chem of Clicks sal outomaties op jou gesondheidsrekord op HealthPrint bygewerk word.

Swangerskapvoordele	<ul style="list-style-type: none"> <li>Tien voorgeboorte- en nageboortekonsultasies by 'n vroedvrou/algemene praktisyn/ginekoloog</li> <li>Twee voorgeboorte- en nageboortekonsultasies by 'n dieetkundige/laktasiespesialis/voorgeboorteklasse</li> <li>Twee 2D-ultraklankskanderings</li> </ul>
Babas <2 jaar	Twee konsultasies by 'n pediater/algemene praktisyn/oor-neus-en-keelspesialis
Immunisering vir kinders	Standaardimmunisering tot sewe jaar
Gesondheidstoets	<ul style="list-style-type: none"> <li>Een kombinasietoets (bloedglukose, cholesterol, LMI en bloeddrukmeting)**</li> </ul>
Voordele vir voorkomende sorg	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Tetanusinenting</li> <li>'n Griepinenting</li> <li>'n Mammogram* elke twee jaar</li> <li>'n Papsmeer* elke drie jaar</li> <li>'n Prostaattoets*</li> <li>'n Fekale okkulte bloedtoets (FOBT)*</li> <li>'n Beenminerale digtheidstoets elke twee jaar*</li> <li>Twee MPV-inentings vir meisies en seuns tussen 10-14 jaar of drie tussen 15-26 jaar</li> </ul>
Voorbehoedmiddels	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oraal/inspuitbaar/inplanteerbaar – R150 per maand, tot R2 100 per jaar</li> <li>Intra-uteriene apparaat – R2 350 elke 60 maande</li> </ul>

### Belangrik

Hierdie is slegs 'n opsomming van die beskikbare voordele en bybetalings kan op sekere voordele van toepassing wees. Raadpleeg asseblief die geregistreerde Reëls van Medihelp en die Ledegids vir meer besonderhede. In die geval van 'n dispuut sal die Reëls van Medihelp geld (onderhewig aan goedkeuring deur die Raad vir Mediese Skemas). Sekere bykomende versekerde voordele is nie beskikbaar indien die pasiënt die toestand vir VMV of voordele vir chroniese medisyne geregistreer het nie, aangesien die behandeling dan nie meer as voorkomende sorg beskou word nie.

## Kernvoordele

Hospitaalbehandeling en lewensnoodsaaklike dienste (versekerde voordele)	
Hospitalisasie	Geen oorhoofse jaarlikse limiet nie MedVital: Enige privaat hospitaal, en dagprosedurefasiliteite geld vir sekere dagprosedures MedVital Elect: Netwerkhospitale, en netwerkdagprosedurefasiliteite geld vir sekere dagprosedures
Hospitaalmedisyne by ontslag: Toepaslike medisyne wat deur die hospitaal gerecepteer word by ontslag uit die hospitaal (TTO-medisyne), uitgesluit VMV-/chroniese medisyne	R420 per opname
Trauma wat hospitalisasie vereis	Onbeperk
Geboorte	<ul style="list-style-type: none"> <li>In die hospitaal – onbeperk</li> <li>Tuisgeboorte – R16 300 per geval</li> </ul>
Gespesialiseerde radiologie	R15 000 per gesin (bybetalings geld)
Radiografie	R1 300 per gesin
Posthospitaalsorg vir spraakterapie, arbeidsterapie en fisioterapie	R2 300 per lid en R3 300 per gesin, ontslag uit 'n dagprosedurefasiliteit ingesluit
Noodvervoer (Netcare 911)	<ul style="list-style-type: none"> <li>In die land waar jy woon Onbeperk (RSA, Lesotho, Eswatini, Mosambiek, Zimbabwe, Namibië en Botswana)</li> <li>Buite die land waar jy woon R2 500 vir padvervoer en R16 900 vir lugvervoer</li> </ul>
Behandeling vir lewensbedreigende toestande	Onbeperk Sluit 271 VMV-toestande en 26 CDL-toestande in
VMV-medisyne	Onbeperk
Kankerbehandeling	R250 000 per gesin
Geestesgesondheid (sielkundige behandeling)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste: R23 900 per bevoordeelde tot 'n maksimum van R36 400 per gesin per jaar</li> <li>Depressiebehandeling buite die hospitaal, onderhewig aan registrasie op die Geestesgesondheidsprogram: R3 000 per bevoordeelde per jaar, onderhewig aan die in-hospitaallimiet, vir dienste gelewer deur psigiaters, sielkundiges, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute en psigiatriese susters</li> <li>Medisyne: R95 per bevoordeelde per maand, onderhewig aan die in-hospitaallimiet</li> </ul>
Funksionele gesondheidsnoodsaaklike protese	R28 800 per persoon <ul style="list-style-type: none"> <li>Intra-okulêre lense – R5 180 per lens, twee lense per persoon</li> <li>Heup-, knie- en skouervervanging – nie-VMV-gevalle is beperk tot vervanging wat weens 'n akute besering nodig is</li> </ul>
Ander protese	<ul style="list-style-type: none"> <li>EVARS-protese – R43 300 per persoon</li> <li>Vaskulêre/kardiale protese – R43 300 per persoon</li> </ul>
Orgaanoorplanting	Slegs VMV – onbeperk Kornea-inplanting – R35 900 per implanting
Palliatiewe sorg	R23 900 per gesin
Wond sorg	R4 285 per gesin per jaar, insluitend die suster se konsultasies en materiaal/voorraad gebruik
Ander kernvoordele	Sluit in nierdialise, suurstof, hospies, subakute sorg en privaat verpleging as alternatief vir hospitalisasie

# Ideale dekking vir *jong gesinne*



Vanaf **R2 970**  
*per maand*

Dag-tot-dag-voordele

**15%**  
Spaarrekening

Versekerde tandheelkunde < 18 jaar

Versekerde oogkunde-dekking

Versekerde voordele Sodra spaarrekening uitgeput is, **R4 000** per gesin per jaar

Bykomende versekerde voordele

**Voorbehoed-middels**  
R2 200/R2 600

10 swangerskap-konsultasies

2 huisdokter-/spesialisbesoeke vir kinders onder 2 jaar

**Voorkomende sorg**  
Gesondheids- en siftingstoetse

**Uitgebreide sorg**  
1 Huisdokterbesoek  
R510 selfmedikasie  
Geaktiveer ná sekere gesondheids-/siftingstoetse

Kernvoordele

Trauma- en mediesenoedgedeval-dekking

Gehalte-privaat hospitalisasie

Dekking vir 271 VMV-diagnoses en alle CDL-toestande

Gespesialiseerde radiologie binne en buite die hospitaal

**MedAdd** gee jou die vryheid van 'n **15%-spaarrekening** om jou mediese fonds op jou manier te bestuur. Dit bied ook 'n vangnet van versekerde voordele nadat jou spaarrekening uitgeput is.



Gehaltenetwerk van privaat hospitale

	MedAdd Elect	MedAdd
Hooflid	<b>R2 970</b> (R5 328 spaarrekening per jaar)	<b>R3 720</b> (R6 696 spaarrekening per jaar)
Afhanklike	<b>R2 328</b> (R4 176 spaarrekening per jaar)	<b>R3 138</b> (R5 616 spaarrekening per jaar)
Kinderafhanklike <26 jaar	<b>R1 032</b> (R1 872 spaarrekening per jaar)	<b>R1 260</b> (R2 304 spaarrekening per jaar)

Jy betaal slegs vir 2 kinders onder 18 en kinderafhanklike tariewe vir alle kinders onder 26. Dit maak MedAdd 'n gewilde keuse onder jong families.

## Maandelikse ledegeld

	MedAdd Elect	MedAdd
Hooflid	R2 970 (R444 spaarbydrae ingesluit per maand en R5 328 per jaar)	R3 720 (R558 spaarbydrae ingesluit per maand en R6 696 per jaar)
Afhanklike	R2 328 (R348 spaarbydrae ingesluit per maand en R4 176 per jaar)	R3 138 (R468 spaarbydrae ingesluit per maand en R5 616 per jaar)
Kinderafhanklike <26 jaar	R1 032 (R156 spaarbydrae ingesluit per maand en R1 872 per jaar)	R1 260 (R192 spaarbydrae ingesluit per maand en R2 304 per jaar)

Jy betaal net vir 2 kinders jonger as 18 jaar en jy betaal die ledegeld vir kinderafhanklikes tot hulle 26 is

## Kernvoordele

Hospitaalbehandeling en lewensnoodsaaklike dienste (versekerde voordele)

Hospitalisasie	Geen oorhoofse jaarlikse limiet nie MedAdd: Enige privaat hospitaal en dagprosedurefasiliteite geld vir sekere dagprosedures MedAdd Elect: Netwerkhospitale en dagprosedurenetaamwerk geld vir sekere dagprosedures
Hospitaalmedisyne by ontslag: Toepaslike medisyne wat deur die hospitaal geresepteer word by ontslag uit die hospitaal (TTO-medisyne), uitgesluit VMV-/chroniese medisyne	R420 per opname
Trauma wat hospitalisasie vereis	Onbeperk
Geboorte	<ul style="list-style-type: none"> <li>In die hospitaal – onbeperk</li> <li>Tuisgeboorte – R16 300 per geval</li> </ul>
Gespesialiseerde radiologie	R18 000 per gesin (bybetalings geld)
Posthospitaalsorg vir spraakterapie, arbeidsterapie en fisioterapie	R2 300 per lid en R3 300 per gesin, ontslag uit 'n hospitaal en dagprosedurefasiliteit ingesluit
Noodvervoer (Netcare 911)	<ul style="list-style-type: none"> <li>In die land waar jy woon Onbeperk (RSA, Lesotho, Eswatini, Mosambiek, Zimbabwe, Namibië en Botswana)</li> <li>Buite die land waar jy woon R2 500 vir padvervoer en R16 900 vir lugvervoer</li> </ul>
Behandeling vir lewensbedreigende toestande	Onbeperk Sluit 271 VMV-toestande en 26 CDL-toestande in
VMV-medisyne	Onbeperk
Kankerbehandeling	R260 000 per gesin
Geestesgesondheid (sielkundige behandeling)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hospitalisasie en professionele psigiatriese dienste: R30 300 per bevoordeelde tot 'n maksimum van R41 800 per gesin per jaar</li> <li>Depressiebehandeling buite die hospitaal, onderhewig aan registrasie op die Geestesgesondheidsprogram: R3 000 per bevoordeelde per jaar, onderhewig aan die in-hospitaallimiet, vir dienste gelewer deur psigiaters, sielkundiges, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute en psigiatriese susters</li> <li>Medisyne: R95 per bevoordeelde per maand, onderhewig aan die in-hospitaallimiet</li> </ul>
Funksionele gesondheidsnoodsaaklike prostese	<ul style="list-style-type: none"> <li>R77 400 per persoon</li> <li>Intra-okulêre lense – R5 260 per lense, twee lense per persoon</li> <li>Heup-, knie- en skouervervanging – nie-VMV-gevalle is beperk tot vervanging wat weens 'n akute besering nodig is</li> </ul>
Ander prostese	<ul style="list-style-type: none"> <li>EVARS-prostese – R163 300 per persoon</li> <li>Vaskulêre/kardiale prostese – R69 800 per persoon</li> <li>Prostese met rekonstruktiewe of restorende chirurgie – R11 800 per gesin</li> </ul>
Orgaanoorplanting	VMV – onbeperk Kornea-inplanting – R35 900 per inplanting
Palliatiewe sorg	R26 400 per gesin per jaar
Wond sorg	R4 500 per gesin per jaar, insluitend die suster se konsultasies en materiaal/voorraad gebruik
Ander kernvoordele	Sluit in nierdialise, suurstof, hospies, subakute sorg en privaat verpleging as alternatief vir hospitalisasie

## Dag-tot-dag-voordele

Spaarrekening	<p>15%-spaarrekening beskikbaar aan die begin van die jaar (sien maandelikse ledegeld)</p> <p>Voorbeeld van beskikbare spaargeld:</p> <p><b>MedAdd</b> Lid = R6 696 per jaar Lid + 1 = R12 312 per jaar Lid + 2 = R14 616 per jaar</p> <p><b>MedAdd Elect</b> Lid = R5 328 per jaar Lid + 1 = R9 504 per jaar Lid + 2 = R11 376 per jaar</p> <p>Ongebruikte spaargeld word na die volgende jaar oorgedra en verdien rente. Sodra jou spaargeld opgebruik is, word versekerde dag-tot-dag-voordele beskikbaar gestel.</p>
Konsultasies by algemene praktisyns en spesialiste, virtuele konsultasies, fisioterapie, akute medisyne, selfmedikasie, standaard radiologie, patologie en besoeke aan noodeenhede	Word eers uit die spaarrekening betaal Lid = R2 000 per jaar Gesin = R4 000 per jaar MedAdd Elect: Netwerk van algemene praktisyns en verwysing deur 'n algemene praktisyn in die netwerk na spesialisie is van toepassing
Radiografie	R1 300 per gesin
Tandheelkunde (DRC-netwerk)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Konserwatiewe tandheelkunde vir kinders &lt;18 jaar</li> <li>Verwydering van geimpakteerde tande in die tandarts se spreekkamer</li> </ul>
Oogkunde (PPN-netwerk)	<p>Per persoon per 24-maandesiklus</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Oogtoets</li> <li>R315 vir 'n raam/lensverbeterings</li> <li>R710 vir kontaklense</li> </ul>
<b>Uitgebreide sorg</b>	
Een bykomende konsultasie by 'n algemene praktisyn	Word geaktiveer vir die gesin sodra die eerste eis vir 'n spesifieke gesondheidstoets* uit jou bykomende versekerde voordele betaal word
R510 vir selfmedikasie geresepteer by 'n netwerkapteek	Word geaktiveer vir die gesin sodra die eerste eis vir 'n kombinasiesgesondheidstoets** uit jou bykomende versekerde voordele betaal word

## Bykomende versekerde voordele

Hierdie voordele word bykomend tot jou versekerde dag-tot-dag-voordele gebied en word geaktiveer sodra jy op die Member Zone registreer vir HealthPrint, Medihelp se gratis welstandsprogram vir lede. Die uitslae van jou gesondheidstoets by Dis-Chem of Clicks sal outomaties op jou gesondheidsrekord op HealthPrint bygewerk word.

16. Hiperlipidemie (hoë cholesterol)
17. Hipertensie (hoë bloeddruk)
18. Hipotiroïdisme
19. Kardiomiopatie
20. Koronêre arteriesiekte (byvoorbeeld angina)
21. Meervoudige sklerose (MS)
22. Parkinson se siekte
23. Rumatoïede artritis
24. Sistemiese lupus eritematose (SLE)
25. Skisofrenie
26. Ulsratiewe kolitis

## Wat word gedek?

- Konsultasies
- Behandeling
- Medisyne
- Hospitalisasie

Hierdie dienste word gedek teen die onderhandelde tariewe indien dit goedgekeur is en Medihelp se behandelingsriglyne, protokolle, formulariums, netwerke en aangewese diensverskaffers gebruik word. Indien nie, sal daar uitgawes wees wat jy self moet betaal.

## Netwerkplanne



### VMV-medisyn

Bestel en haal dit af by Medihelp se aangewese verskaffers of 'n netwerkapteek



### Hospitale

Gebruik netwerk-hospitale vir VMV-dienste



### Spesialiste

Lede van MedMove!, MedVital Elect, MedAdd Elect en MedElect - vra jou netwerkhuisdokter om jou na 'n netwerkspesialis te verwys



# Hospitaal- en dagprosedurenetwerke

Medihelp het tariese met uitgesoekte privaat hospitale en dagprosedurefasiliteite onderhandel om te verseker dat lede toegang het tot gehaltesorg. Hierdie fasiliteite is landwyd beskikbaar waar Medihelp se lede woon en waar netwerkspesialiste praktiseer.

## Netwerkplanne: Hospitaalnetwerke

Lede van planne met "Elect" in die naam en MedMove!-lede moet in 'n netwerkhospitaal behandel word om bybetalings te verhoed.

## Netwerkplanne: Dagprosedurenetwerke

Vir lede van die Elect-planne word sekere dagprosedures slegs gedek indien dit in een van ons dagprosedurefasiliteite uitgevoer word. Dit geld vir alle dagprosedures vir lede op MedMove!. Die goedkeuringskedule wat Medihelp aan jou uitreik, sal aandui of jy in die netwerk sorg moet ontvang. Hierdie prosedures sluit in oftalmologiese, endoskopiese, oor-neus-en-keelprosedures, verwydering van velletsels, besnydenis, tandheelkundige prosedures en ander prosedures, soos vooraf goedgekeur. Let asseblief daarop dat lede van die nienetwerkplanne hierdie prosedures in 'n dagprosedurefasiliteit moet laat doen, maar dit hoef nie netwerkfasiliteite te wees nie.

**MedAdd** Elect   **MedVital** Elect   **MedPrime** Elect

Hierdie drie planne deel dieselfde nasionale private hospitaal-netwerk, en netwerk van dagprosedurefasiliteite.

## MedElect

Hierdie plan gebruik netwerke om dekking te verleen, insluitend 'n uitgebreide netwerk van gehaltehospitale en dagprosedurefasiliteite.

## Vind 'n netwerkhospitaal of -dagprosedurefasiliteit

- Besoek die Medihelp-webtuiste of die Member Zone by [www.medihelp.co.za](http://www.medihelp.co.za) of gebruik jou Medihelp-app

## Hospitaalmedisyne by ontslag

Toepaslike medisyne wat deur die hospitaal geresepteer word by ontslag uit die hospitaal (TTO-medisyne), uitgesluit VMV-/chroniese medisyne. Die voordele per plan is soos volg:

- MedPlus – R720 per opname
- MedElite – R600 per opname
- MedPrime & MedPrime Elect – R540 per opname
- MedAdd & MedAdd Elect – R420 per opname
- MedVital & MedVital Elect – R420 per opname
- MedElect – R420 per opname
- MedSaver – R420 per opname
- MedMove! – R390 per opname



## Spesialissorg

Spesialiste is aan netwerkhospitale gekoppel en daarom is dit belangrik dat jou spesialiste jou in een van jou plan se netwerkhospitale laat opneem om te behandel of operasies te doen.

## Voorafgoedkeuring vir opnames in 'n hospitaal of dagprosedurefasiliteit



### Bepande opnames

Kry vroegetydig voorafgoedkeuring vir opnames in 'n hospitaal of dagprosedurefasiliteit



### Noodopnames

Kry goedkeuring op die eerste werkdag ná die noodopname



### Opnames vir tandheelkundeprosedures

Kontak Dental Risk Company (DRC) om goedkeuring vir opnames te kry.

Tel: 087 943 9618

Email: [auth@dentalrisk.com](mailto:auth@dentalrisk.com)

Jy kan bybetalings vermy deur voorafgoedkeuring vir jou opnames te kry en netwerkfasiliteite te gebruik.

### Waar kan jy goedkeuring vir opnames kry?

- Die Member Zone of die Medihelp-app
- E-pos: [hospitalauth@medihelp.co.za](mailto:hospitalauth@medihelp.co.za)

### Inligting benodig vir voorafmagtiging

- Lidmaatskapnommer en besonderhede van die pasiënt
- Die prosedure- en diagnosekodes (kry dit by die dokter)
- Die behandelende dokter se besonderhede en praktyknommer
- Die besonderhede en praktyknommer van die hospitaal waar die pasiënt opgeneem gaan word
- Die datum en tyd van opname
- Vir sekere prosedures kan bykomende inligting soos mediese verslae, X-strale of bloedtoetsuitslae benodig word. Medihelp se voorafgoedkeuringskonsultant sal aandui wat benodig word
- Besonderhede van die narkotiseur

# Belangrike inligting oor spaarplanne

Wanneer jy op 'n nuwe plan inskryf of na 'n plan met 'n spaarrekening verander, kan jy besluit of jy jou beskikbare spaargeld vir alle kwalifiserende uitgawes of slegs vir spesifieke items wil gebruik. Jy kan een van die volgende opsies een keer per jaar kies:

## Opsie

1

("Ja"-opsie)

Betaal alle kwalifiserende dag-tot-dag- en hospitaalverwante mediese uitgawes uit jou spaarrekening.



Kies hierdie opsie **as jy nie gapingsdekking ("gap cover") het nie** en wil hê dat **alle kwalifiserende uitgawes** outomaties uit jou spaarrekening betaal word.

*Jy sal nie uit jou eie sak hoef te betaal of terugbetaling uit jou spaarrekening aan te vra nie.*

## Opsie

2


("Nee"-opsie)

Betaal slegs sekere kwalifiserende dag-tot-dag- mediese uitgawes uit jou spaarrekening (behalwe sekere hospitaalluitgawes soos bybetalings).



Kies hierdie opsie **as jy gapingsdekking het** en wil **beheer watter uitgawes uit jou spaarrekening betaal word**, veral vir hospitaaldienste.

*As jy besluit om nie van jou gapingsdekking te eis nie en verkies om 'n uitgawe uit jou spaarrekening te betaal, kan jy 'n eis by Medihelp indien en versoek dat dit uit jou spaarrekening betaal word.*





# Uitwendige prostese en mediese toestelle

Binne en buite die hospitaal

	Basiese planne		Spaarplanne		Omvattende planne	
	MedVital	MedAdd	MedSaver	MedElect	MedPrime	MedElite
<b>Kunsoë</b>					100% van die MT R5 700 per gesin per driejaarsiklus	100% van die MT R9 750 per bevoordeelde per driejaarsiklus
<b>Spraak- en gehoorstoestelle</b>				Hierdie plan dek nie die diens nie	100% van die MT R5 700 gesin per driejaarsiklus	100% van die MT R9 750 per bevoordeelde per driejaarsiklus
<b>Kunslidematte</b>	Hierdie plan dek nie die diens nie	100% van die MT Spaarrekening			100% van die MT R5 700 per gesin per driejaarsiklus	100% van die MT R7 750 per gesin per driejaarsiklus
<b>Rolstoele</b>				100% van die MT R1 150 per gesin per jaar Gedeel met voordeel vir glukometers	100% van die MT R5 700 per gesin per driejaarsiklus	100% van die MT R7 750 per bevoordeelde per driejaarsiklus
<b>Mediese toestelle</b>						
<b>Hiperbariesesuurstof-behandeling</b> Voorgeskryf deur 'n mediese dokter						
• Binne hospitaal	Slegs VMV	100% van die MT R880 per gesin per jaar	100% van die MT R880 per gesin per jaar	Slegs VMV	100% van die MT R1 600 per gesin per jaar	
• Buite hospitaal						100% van die MT R1 800 per bevoordeelde per jaar
<b>Glukometers (per vyfjaarsiklus)</b>	Hierdie plan dek nie die diens nie	100% van die MT Spaarrekening	100% van die MT Spaarrekening	R1 150 per gesin per jaar Gedeel met voordeel vir mediese toestelle en rolstoel		
<b>Insulienpompe</b> (per vyfjaarsiklus en onderhewig aan protokolle)				Hierdie planne dek nie die diens nie		
<b>Stomakomponente Inkontinensieprodukte</b>	100% van die MT					
<b>Pruike</b> vir pasiënte met alopecia totalis of kanker					Hierdie planne dek nie die diens nie	
<b>CPAP-apparaat</b> per tweejaarsiklus op voorskrif van 'n mediese dokter	Hierdie plan dek nie die diens nie	100% van die MT Spaarrekening		Hierdie plan dek nie die diens nie	100% van die MT R11 900 per bevoordeelde per tweejaarsiklus	

\* **Mediese toestelle** sluit rug-, been-, arm- en nekstutte, krukke, ortopediese skoene, elastiese kouse, piekstroommeters en verstuiwers in. Voordele vir die koste van herstelwerk, instandhouding, onderdele, bykomstighede en aanpassings is ingesluit in die maksimum bedrag wat beskikbaar is vir 'n spesifieke toestel. Konsultasies en opvolgkonsultasies is onderhewig aan beskikbare dag-tot-dag-voordele/spaarrekening.

# Bybetalings

Neem asseblief kennis dat hierdie slegs 'n opsomming is van bybetalings wat op elke plan van toepassing is. Vir 'n volledige lys van bybetalings en uitsluitings, verwys asseblief na die Reëls van Medihelp. Bestuur of verminder mediese uitgawes uit jou eie sak deur onder meer netwerkdienverskaffers te besoek, aangewese diensverskaffers se dienste te gebruik, die korrekte voorafgoedkeuringsproses te volg en tariewe met jou dokter te onderhandel.

	Basiese planne	Spaarplanne		Omvattende planne		
Beskrywing	MedVital	MedAdd	MedSaver	MedElect	MedPrime	MedElite
<b>SPINALE INTERVENSIË</b> Onderhewig aan protokolle, voorafmagtiging en 'n niechirurgiese rug-en-nekbehandelingsprogram by DBC as 'n verpligte voorvereiste.						
	R18 300 per opname	R13 300 per opname		R18 000 per opname	R11 500 per opname	R10 000 per opname
<b>ENDOSKOPIESE PROSEDURES</b> Onderhewig aan voorafgoedkeuring en protokolle <ul style="list-style-type: none"> <li>• Netwerkopsies: 'n Dagprosedurenetwerk is van toepassing</li> <li>• Nienetwerkopsies: Enige dagprosedurefasiliteit kan gebruik word</li> </ul>						
	R5 100 per opname Alle endoskopiese prosedures* behalwe artroskopie, neuroëndoskopie en torakoskopie wat 'n bybetaling van R7 550 per opname het	R5 000 per opname Alle endoskopiese prosedures*		R5 300 per opname Alle endoskopiese prosedures*	R4 100 per opname Slegs gastroskopie, kolonoskopie, artroskopie en sigmoïdoskopie	R2 650 per opname Slegs gastroskopie, kolonoskopie, artroskopie en sigmoïdoskopie
<b>TANDHEELKUNDEPROSEDURES ONDER ALGEMENE NARKOSE</b> In 'n hospitaal/dagprosedurefasiliteit - lede van netwerkopsies moet die dagprosedurenetwerk gebruik Onderhewig aan voorafgoedkeuring en DRC se bestuurdesorgprotokolle						
Verwydering van geïmpakteerde tande (derde kiestande) (itemkode 8941/8943/8945)	R4 100 per opname Tandarts se rekening vir die lid se rekening	R4 100 per opname	R4 100 per opname Tandarts se rekening vir die lid se rekening	R2 260 per opname	R1 850 per opname	R1 120 per opname
Omvattende behandeling vir kinders jonger as sewe jaar - een keer per bevoordeelde per 365-daetydperk (Onderhewig aan kliniese evaluering/motivering)	Hierdie pan dek nie die dienste nie	Tandarts se rekening vir die lid se rekening	Geen bybetaling nie Word uit die spaarrekening betaal			
<b>GESPESIALISEERDE RADIOLOGIE</b> Binne en buite die hospitaal Deur 'n spesialis versoek en onderhewig aan kliniese protokolle en voorafgoedkeuring <ul style="list-style-type: none"> <li>• MRB en RT</li> </ul>						
	R15 000 per gesin per jaar	R18 000 per gesin per jaar	R20 000 per gesin per jaar	R22 000 per gesin per jaar	R25 000 per gesin per jaar	R30 000 per gesin per jaar
<b>Binne die hospitaal</b>	R2 500 per ondersoek	R2 000 per ondersoek	R2 000 per ondersoek	R1 900 per ondersoek	R1 700 per ondersoek	R1 500 per ondersoek
<b>Buite die hospitaal</b>	R2 300 per ondersoek	R1 800 per ondersoek	R1 800 per ondersoek	R1 300 per ondersoek	R1 200 per ondersoek	R1 000 per ondersoek
<b>PROSTAATPROSEDURES (KONVENSIENELE OF LAPAROSKOPIESE PROSEDURE)</b> Onderhewig aan protokolle en voorafgoedkeuring						
	R8 000 per opname	R7 300 per opname	R7 300 per opname	R8 000 per opname	Geen bybetaling	Geen bybetaling
<b>HISTEREKTOMIE EN ENDOMETRIËLE ABLASIE</b> Onderhewig aan protokolle en voorafgoedkeuring						
	R8 000 per opname	R7 300 per opname	R7 300 per opname	R8 000 per opname	Geen bybetaling	Geen bybetaling

\* Anoskopie, artroskopie, brongoskopie, kapselendoskopie, kolonoskopie, sistoskopie, renale endoskopie, ERCP, gastroskopie, histeroskopie, ileoskopie, laparoskopie, laringoskopie, mediastinoskopie, nasale endoskopie, nasofaringoskopie, neuroëndoskopie, esofagoskopie, oftalmiese endoskopie, sigmoïdoskopie, torakoskopie en ongelyste endoskopie.

# Bybetalings

## Basiese planne

## Spaarplanne

## Omvattende planne

Beskrywing



MedVital



MedAdd



MedSaver



MedElect



MedPrime



MedElite

### OFTALMOLOGIESE, TANDHEELKUNDIGE, ENDOSKOPIESE EN OOR-NEUS-EN-KEELPROSEDURES, VELLETELSELVERWYDERING, BESNYDENIS EN PROSEDURES SOOS GOEDGEKEUR

Vrywillige opnames buite die dagprosedurenetwerk

Netwerkopsies: 'n 35%-bybetaling geld vir dienste gelewer buite die dagprosedurenetwerk  
Nienetwerkopsies: 'n 35%-bybetaling geld indien dienste nie in 'n dagprosedurefasiliteit uitgevoer word nie

### MEDISYNE OP VOORSKRIF/SELFMEDIKASIE

'n 80%-voordeel is van toepassing vir oorspronklike medisyne waarvoor geen generiese ekwivalent beskikbaar is nie  
'n 70%-voordeel is van toepassing vir oorspronklike medisyne waarvoor 'n generiese ekwivalent beskikbaar is

### DIENTE WAT NIE DEUR NETWERKVERSKAFFERS GELEWER WORD NIE

Van toepassing op netwerkopsies

Vrywillige opnames buite die hospitaalnetwerk (nie van toepassing op prosedures wat in die dagprosedurenetwerk uitgevoer moet word nie)	35%-bybetaling	Nie van toepassing nie	35%-bybetaling	35%-bybetaling	
VMV- chroniese medisyne wat van die formularium afwyk en/of nie by die aangewese diensverskaffer verkry is nie	60%-bybetaling op die voordelebedrag	Nie van toepassing nie	30%-bybetaling as die aangewese diensverskaffer nie gebruik word nie	60%-bybetaling op die voordelebedrag	
Konsultasies by algemene praktisyn buite die netwerk en geen verwysing deur 'n algemene praktisyn in die netwerk na 'n spesialis nie	35%-bybetaling op die voordelebedrag	Nie van toepassing nie	Voordeel vir dienste buite die netwerk geld* 35%-bybetaling op die voordelebedrag indien spesialisdienste, fisioterapie en arbeidsterapie verkry word sonder 'n verwysing van 'n algemene praktisyn in die netwerk	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie

### DIENTE SONDER VOORAFGOEDKEURING VERKRY

Alle beplande hospitaalopnames			20%-bybetaling		
Gespesialiseerde tandheelkunde					
Tandheelkundeprosedures onder bewuste sedasie (sedasiekoste) in die spreekkamer	20%-bybetaling				20%-bybetaling
Suurstof vir gebruik buite die hospitaal			35%-bybetaling		
Noodvervoerdienste	50%-bybetaling - kry voorafgoedkeuring deur 082 911 te bel				

\* **MedElect:** Buitepasientdienste by noodeenhede, medisyne en dienste deur algemene praktisyns buite die netwerk gelewer, word teen 80% van die MT betaal, tot 'n maksimum van R1 350 per lid en R2 700 per gesin per jaar.

# Wat word nie gedek nie

Verwys asseblief na die Reëls van Medihelp vir besonderhede van die mediese toestande, prosedures en dienste, toestelle, medisyne, verbruikbare items en ander produkte wat van voordele uitgesluit is, met die uitsondering van dienste wat vir VMV kwalifiseer en deur Medihelp goedgekeur is. Die onderstaande is enkele van die dienste wat nie gedek is nie:

## Dienste en prosedures

- Afspraakfooie vir mediese dienste wat nie nagekom is nie
- Ambulans- of noodvervoerdienste wat nie met 'n hospitaalopname verband hou nie
- Bariatriese chirurgie
- Behandeling vir alkoholisme en dwelmmisbruik (nie-VMV verkry vanaf 'n nie-aangewese diensverskaffer)
- Diagnostiese polisomnogramme\*\*
- Fisioterapiedienste vir die verwydering van verstandtande
- Gender-bevestigende sorg
- Gesondheidsorgdienste wat in die hospitaal gelewer word, maar buite die hospitaal uitgevoer kan word, of waarvoor hospitaalopname nie nodig is nie
- Grootgewrigsvervangings en -chirurgie\*
- Kogleëre inplantings en verwante prosedures, dienste en toestelle\*\*
- Kosmetiese en rekonstruktiewe chirurgie en behandeling
- Kriobewaring
- Ongevalle-eenhede se fasiliteitsfooie
- Mediese dienste in die hospitaal (byvoorbeeld fisioterapeute en dieetkundiges) sonder 'n verwysing van die behandelende dokter
- Refraktiewe chirurgie\*\*
- Reis- en akkommodasiekoste, insluitend etes
- Risotomie\*\*

## Medisyne, verbruikbare items en ander produkte

- Alle gespesialiseerde medisyne (insluitend biologiese en/of biosoortgelyke medisyne) en ander items wat op Medihelp se medisyne-uitsluitingslys gespesifiseer word
- Hoëtegnologiebehandelingsmodaliteite, chirurgiese toestelle en medisyne wat eksperimenteel en ondersoekend is

## Toestelle

- Insulienpompe en deurlopende glukosemonitors, insluitend die verbruikbare items wat vir hierdie toestelle benodig word\*
- Ingeplante gehoortoestelle\*\*
- Neurostimuleerders\*\*

Hierdie uitsluitings is nie van toepassing op die planne soos aangedui nie.

Voorafgoedkeuring, kliniese protokolle, en maksimum voordeelbedrae geld.

\* Nie van toepassing op MedElite-lede nie

\*\* Nie van toepassing op MedElite-, MedPrime-, en MedPrime Elect-lede nie

\*\* Nie van toepassing op MedElite-, MedPrime-, MedPrime Elect-, en MedElect-lede nie

## Bykomende produkspesifieke uitsluitings

### MedElect

#### Dienste en prosedures

- Hiperbariese suurstofterapie
- Spraak- en gehoorapparate (insluitend herstelwerk en verwante dienste), intraokulêre lense, kunsoë, kunsledemate, prostese benodig ná rekonstruktiewe chirurgie, en eksterne borsprostese en verwante dienste

#### Medisyne, verbruiksgoedere en ander produkte

- Aanvullende en alternatiewe medisyne, insluitend homeopatie en kruiemedisyne

### MedVital MedVital Elect

#### Dienste en prosedures

- Fasetgewrigsinspuiting
- Hiperbariese suurstofbehandeling
- Kleingewrigsartroplastie
- Naelafwykings en die kouterisering van vratte
- Neus- en snitschirurgie en -prosedures, herstel van naeltjie-, en mantelvliesbreuke
- Spataarverwante intervensie
- Spraak- en gehoorapparate (insluitend herstelwerk en verwante dienste), kunsoë, kunsledemate, prosteses benodig ná rekonstruktiewe chirurgie, en eksterne borsprostese en verwante dienste
- Tandheelkundige prosedures onder algemene narkose - dit sluit omvattende tandheelkundige behandeling vir kinders jonger as 7 jaar in, asook behandeling wat aan mense met spesiale behoeftes verskaf word
- Uitsnyprosedures (byvoorbeeld lipome, siste en niekwaadaardige gewasse en letsels)



# Verduideliking van begrippe

COLS – Chroniese obstruktiwe lugwegsiekte  
DRC – Dental Risk Company  
FOBT – Fekale okkulte bloedtoets  
ICPS – Improved Clinical Pathway Services  
L – Lid  
LMI – Liggaamsmassa-indeks  
MOVP – Medihelp-onkologieverwysingsprys  
MPV – Menslike papilloomvirus  
MRB – Magnetieseresonansiebeelding  
NMD – Nood mediese dienste  
OJL – Oorhoofse jaarlikse limiet  
PPN – Preferred Provider Negotiators  
RT – Rekenaartomografie

**Aangewese diensverskaffers** word deur Medihelp aangewys of gekontrakteer om sekere mediese dienste te lewer.

**Bykomende versekerde voordele** is voordele wat bykomend tot die dag-tot-dag-voordele gebied word, insluitend voorkomende gesondheidstoetse, immunisering en swangerskap- en babavooredele.

**Bybetalings** is die verskil tussen die dekking wat Medihelp bied en die koste/tarief wat vir die mediese diens gehef is. Hierdie bedrae moet direk aan die diensverskaffer betaal word en is in die volgende gevalle van toepassing:

- Indien dokters en ander verskaffers van mediese dienste tariewe hef wat Medihelp se tariewe oorskry, is die lid verantwoordelik vir die betaling van die verskil tussen die bedrag geëis en die bedrag wat Medihelp betaal;
- Indien Medihelp se voordeletoekenning nie 100% is nie (byvoorbeeld vir oorspronklike akute medisyne), of indien die koste die limiet vir die betrokke diens oorskry (byvoorbeeld vir mediese toestelle); en
- Indien 'n lid verkies om nie dienste by 'n aangewese verskaffer (byvoorbeeld Icon in die geval van onkologiedienste) te ontvang nie, of indien 'n voorafbepaalde bybetaling op 'n sekere diens van toepassing is, soos per plan aangedui.

**CDL** – Chronic Disease List is 'n lys van chroniese siektes wat as voorgeskrewe minimum voordele gedek word.

**CPAP** verwys na 'n apparaat wat deurlopend positiewe druk in die lugweë handhaaf om asemhaling te vergemaklik.

**Dagprosedurenetwerk** is die Medihelp-netwerk van fasiliteite waar pasiënte dagprosedures ondergaan waarvoor hulle nie hoef te oornag nie. Lede van netwerkplanne moet oftalmologiese, endoskopiese, tandheelkundige en oor-, neus- en keelprosedures, verwydering van velletsels, besnydenis en prosedures soos goedgekeur in die Medihelp-dagprosedurenetwerk ondergaan, en lede van nienetwerkplanne kan van enige dagprosedurefasiliteit gebruik maak om 'n 35%-bybetaling te vermy. Medihelp raai lede aan om die dagprosedurenetwerk vir alle voorafgoedgekeurde prosedures te gebruik. Sekere dagprosedures, soos endoskopiese ondersoeke, vereis dat die lid vooraf 'n betaling moet maak wat van plan tot plan verskil. Alle dagprosedures moet vooraf goedgekeur word om 'n 20%-bybetaling te vermy.

**Dag-tot-dag-voordele** is algemene mediese uitgawes wat gedek word deur 'n spaarrekening of versekerde dekking, of albei.

**EVARS** verwys na endovaskulêre aortavervangingchirurgie en word vir voordele oorweeg indien die pasiënt aan abdominale aorta-aneurisme ly met 'n gevaarlike hoë narkoserisiko.

**Formularium** beteken 'n lys van voorkeuritems (VMV- chroniese medisyne) saamgestel op grond van die veiligheid, doeltreffendheid en kostedoeltreffendheid daarvan, wat vir die diagnose en/of behandeling van 'n mediese toestand gebruik word (van toepassing op MedVital Elect, MedAdd Elect en MedPrime Elect).

**Hospitaalvoordele** is voordele vir dienste wat tydens hospitaalverblyf deur die hospitaal gelewer word. Dit sluit saalakkommodasie en saalmedisyne in, asook radiologie, patologie en konsultasies tydens hospitalisasie. Sekere hospitaalprosedures, soos endoskopiese ondersoeke en gespesialiseerde radiologie, vereis dat die lid vooraf 'n betaling moet maak wat van plan tot plan verskil. Alle beplande hospitaalopnames moet vooraf goedgekeur word om 'n 20%-bybetaling te vermy. Noodopnames moet op die eerste werkdag ná die opname geregistreer word (sien ook "Mediese noodgeval").

Lede wat netwerk hospitale moet gebruik maar verkies om in 'n hospitaal buite die netwerk opgeneem te word, moet 'n 35%-bybetaling op die hospitaalrekening maak.

**Kanker:** Die meeste kanker gevalle kwalifiseer vir voorgeskrewe minimum voordele (VMV's), wat Medihelp dek teen 100% van die koste ingevolge die protokolle soos uiteengesit in die Regulasies onder die Wet, terwyl nie-VMV-kanker gedek word teen spesifieke voordelebedrae per plan, op voorwaarde dat kankerbehandeling deur onkoloë in die Independent Clinical Oncology Network (Icon) gelewer word. Alle kankerbehandeling word op 'n individuele grondslag volgens Icon se protokolle geëvalueer en moet aan Icon se kankerbehandelingsprogramme voldoen. Medihelp se dekking vir VMV-beenmurg- of -stamseloortplantings is onderhewig aan die toepaslike VMV-wetgewing. Kankerbehandeling wat nie by Icon ontvang word nie of van die Icon-protokol afwyk, is aan bybetalings onderhewig.

**Kernvoordele** sluit in voordele vir noodsaaklike dienste soos hospitalisasie en is gewoonlik as versekerde voordele beskikbaar. Bybetalings, behandelingsriglyne, netwerke en limiete kan op sekere voordele van toepassing wees.

**Koste** beteken die koste van VMV-dienste, wat ten volle deur Medihelp betaalbaar is indien die dienste vir VMV's kwalifiseer en so by Medihelp geregistreer is, en volgens aanvaarde VMV-behandelingsprotokolle deur aangewese diensverskaffers gelewer word.

'n **Mediese noodgeval** verwys na die skielike en onverwagte aanvang van 'n gesondheidsprobleem wat onmiddellike mediese of chirurgiese behandeling vereis. Sonder sodanige behandeling kan daar ernstige benadeling van liggaamsfunksies wees, beduidende disfunksie van 'n orgaan of liggaamsdeel, of die persoon se lewe kan in ernstige gevaar wees. Hierdie toestand moet deur 'n mediese praktisyn as 'n noodgeval gesertifiseer word. Noodgevalle kwalifiseer vir VMV's en moet dienooreenkomstig geregistreer word (sien ook "VMV's").

Voorbeelde van noodgevalle sluit die volgende in:

- Motorongelukke
- Ernstige allergiese reaksies
- Sportbeserings
- Hartaanvalle
- Tandbeserings wat veroorsaak is deur 'n direkte hou teen die gesig of mond
- Beroertes
- Ernstige brandwonde
- Ongelukke op speelgronde
- Vergiftiging
- Bewusteloosheid

**MMAP** – Die Maximum Medical Aid Price is die verwysingsprys wat Medihelp gebruik om voordele vir akute en chroniese medisyne te bepaal. Die MMAP is die gemiddelde prys van al die generiese ekwivalente wat vir 'n gepatenteerde etiese medisyne-item beskikbaar is.

# Verduideliking van begrippe

**MT** – Medihelp-tarief verwys na die tarief wat Medihelp vir verskillende mediese dienste betaal, en kan insluit die gekontrakteerde tarief vir dienste soos met sekere diensverskaffersgroepe soos hospitale ooreengekom, die Medihelp-tandheelkundetarief vir tandheelkundedienste, en die enkelafsetprys vir akute medisyne. Die onderskeie tariewe word in die Reëls van Medihelp omskryf.

**MHVP** – Die Medihelp-verwysingsprys is op alle voorafgoedgekeurde VMV-medisyne van toepassing. Die prys word bepaal volgens die kostedoeltreffendste behandeling ooreenkomstig getuigenisgebaseerde geneeskundige beginsels. Die MHVP verskil tussen planne en kan voortdurend wysig (byvoorbeeld wanneer nuwe generiese ekwivalente beskikbaar gestel word). Besoek asseblief Medihelp se webtuiste by [www.medihelp.co.za](http://www.medihelp.co.za) (die selhelpplatform vir lede, die Member Zone) vir die jongste MHVP. Dit is raadsaam om jou dokter te raadpleeg indien jy VMV-medisyne gebruik om te verseker dat jy sover moontlik medisyne op die MHVP gebruik en sodoende uitgawes uit jou eie sak verminder.

**Netwerkplanne** bied voordele aan lede in samewerking met 'n diensverskaffersnetwerk. Lede van hierdie planne moet die netwerk gebruik om vir voordele te kwalifiseer en bybetalings te voorkom. Besoek [www.medihelp.co.za](http://www.medihelp.co.za) om te sien watter verskaffers deel van die netwerk vir jou plan is deur die "Soek 'n verskaffer"-funksie te gebruik.

'n **Primêresorggeneesmiddelterapeut** is 'n apteker wat primêre gesondheidstoestande mag diagnoseer en geneesmiddels vir voorbehoeding en toestande soos diarree, aknee, insek- en spinnekopbyte, oorontsteking en verskeie ander toestande mag voorskryf.

**Protokol** is 'n stel kliniese riglyne met betrekking tot die optimale reeks van diagnostiese toetsing en behandelings vir spesifieke toestande, en sluit in kliniese praktykvoeringsriglyne, standaardbehandelingsriglyne, siektebestuursriglyne, behandelingsalgoritmes, kliniese beslissingsbome en formulariums, maar is nie tot hierdie voorbeelde beperk nie.

Die **rug-en-nek-behandelingsprogram** wat deur Documentation Based Care (DBC) aangebied word, is 'n niechirurgiese intervensie wat in die plek van chirurgie toegepas word om siektes/abnormaliteite/aandoenings van die werwelkolom te bestuur. Hierdie benadering tot rug- en nekpynebehandeling behels 'n interdisiplinêre span wat die rehabilitasieprogram hanteer en 'n unieke program vir elke individu saamstel volgens die pasiënt se behoeftes en kliniese diagnose. Pasiënte word geëvalueer om vas te stel of hulle geskik is om aan die program deel te neem. Dié program is 'n voorvereiste vir spinale intervensie.

**Selfmedikasie** is medisyne wat nie voorgeskryf word nie en oor die toonbank by apteke gekoop kan word. Eise vir selfmedikasie moet geldige NAPPI-kodes bevat om verwerk te word.

'n **Siklus** beteken die vasgestelde duur van die voordelesiklus, wat begin op die datum van die eerste diens en daarna bereken vanaf die datum van elke daaropvolgende diens na die voltooiing van die vorige siklus, ongeag enige onderbreking van lidmaatskap of registrasie, of verandering van plan.

**Spaarrekening** (vir planne met 'n spaarrekening) beteken 'n rekening wat deur Medihelp bygehou word as deel van die fondse van Medihelp. Geld in die spaarrekening word gebruik om kwalifiserende mediese bybetalings te betaal, en geld wat nie gebruik word nie, akkumuleer. Vir jou gerief is 'n kredietfasiliteit vooruit beskikbaar wat gelykstaande is aan die maandelikse spaarrekeningbydraes vir die res van die kalenderjaar.

**Telemedisyne** behels die gebruik van tegnologie – rekenaars, fone, video-oproep en teksboodskappe – om gesondheidsorgkundiges te raadpleeg.

**"TTO"-medisyne** is medisyne wat deur die apteek geresepteer word ná ontslag uit die hospitaal.

'n **Tydperk** verwys na die spesifieke tydsverloop wat per voordeel beskryf word, byvoorbeeld tandheelkunde, of die datum van inskrywing as bevoordeelde.

**Uitgebreide sorgvoordeel** word geaktiveer wanneer sekere gesondheidstoetse gedoen word.

**Vaskulêre/kardiale prostese** sluit in kunsmatige hartkleppe, pасаangeërs en verwante of verbandhoudende funksionele hulpmiddels.

**Virtuele konsultasies** verwys na konsultasies by die voorkeurverskaffers Clicks en Dis-Chem, asook deelnemende apteke met geregistreerde verpleegkundiges by apteekklinieke. Pasiënte besoek verpleegkundiges, wat 'n geakkrediteerde algemene praktisyn in die netwerk konsulteer om die diagnose te bevestig, medisyne voor te skryf en verwysings te gee indien nodig.

**Voorbehoedmiddels** sluit in inspuitbare, inplantbare, intra-uteriene, trans- en subdermale, asook orale voorbehoedmiddels.

**VMV's** – Voorgeskrewe minimum voordele word betaal vir 26 chroniese toestande op die CDL en 271 diagnoses met hul behandeling wat in die Regulasies onder die Wet op Mediese Skemas 131 van 1998 gepubliseer is. Hierdie Regulasies verplig mediese skemas om voordele te betaal vir die diagnose, behandeling en sorgkoste wat met enige van hierdie toestande verband hou, asook vir mediese noodgevallen (wat voldoen aan die gepubliseerde definisie) sonder dat enige limiete van toepassing is. VMV's is aan voorafgoedkeuring, protokolle en die gebruik van aangewese diensverskaffers onderhewig, waar toepaslik (byvoorbeeld Icon vir kankerbehandeling). VMV-dienste word eers uit die toepaslike dag-tot-dag-voordele betaal.



# Kontak ons

## Medihelp

### Medihelp Kliëntesorgsentrum

Tel: 086 0100 678  
enquiries@medihelp.co.za  
www.medihelp.co.za

### Aansoekvorms (nuwe besigheid)

Doen aanlyn aansoek by  
www.medihelp.co.za  
Individue: newbusiness@medihelp.co.za  
Korporatiewe groepe:  
corpapps@medihelp.co.za

### Lidmaatskapnavrae

membership@medihelp.co.za

### Ledegeldnavrae

subscriptions@medihelp.co.za

### E-dienste

Kry toegang tot die selfhelpplatform vir lede (Member Zone) by www.medihelp.co.za  
Laai die Medihelp-app af by Apple App Store/ Google Play/Huawei AppGallery

### Indiening van eise

claims@medihelp.co.za  
Medihelp-app

### Hospitaalopnames

(alle hospitaalopnames moet vooraf goedgekeur word)  
Member Zone  
Medihelp-app  
Tel: 086 0200 678  
hospitalauth@medihelp.co.za

### VMV- chroniese medisyne en meer as 30 dae se medisynevoorraad

Tel: 086 0100 678  
medicineapp@medihelp.co.za

### Bestel van VMV- chroniese medisyne (MedVital Elect, MedAdd Elect en MedPrime Elect)

#### Medipost

Bestel medisyne: mrx@medipost.co.za |  
Faks: 086 659 4054  
Tel: 012 426 4000  
WhatsApp: 012 426 4655

### Voorgeskrewe minimum voordele (VMV)

Tel: 086 0100 678  
preauth@medihelp.co.za  
customercare@medipost.co.za  
Bewys van betalings: pay@medipost.co.za

### MRB en RT-beelding

Healthcare Practitioner Zone (vra jou radioloog om goedkeuring aanlyn te kry)  
Member Zone  
Medihelp-app  
Tel: 086 0200 678

### Kanker

#### Siektebestuursprogram

Tel: 086 0100 678  
oncology@medihelp.co.za

#### Kankermedisyne (slegs vir MedVital Elect, MedAdd Elect, MedElect en MedPrime Elect)

#### Dis-Chem Oncology

Tel: 010 003 8948  
oncology@dischem.co.za  
of

#### Medipost

Tel: 012 404 4430  
oncology@medipost.co.za  
WhatsApp: 012 426 4655

### Privaat verpleging, palliatiewe sorg, hospies- en subakutesorgfasiliteite

Tel: 086 0100 678  
hmanagement@medihelp.co.za

### Suurstof wat tuis toegedien word

Tel: 086 0100 678  
preauth@medihelp.co.za

### Chroniese nierdialise

Tel: 086 0100 678  
preauth@medihelp.co.za

### Medihelp-bedroglyn

Tel: 012 334 2428  
bedrog@medihelp.co.za

## Vennote

### Netcare 911 (noodvervoerdienste)

Noodgevalle: 082 911  
Rekeningnavrae: 0860 638 2273  
customer.service@netcare.co.za  
Netcare-app

### DRC (tandheelkunde)

Tel: 087 943 9618  
medihelp@dentalrisk.com  
claims@dentalrisk.com  
auth@dentalrisk.com  
www.dentalrisk.com

### PPN (oogkunde)

Tel: 086 1103 529 | 086 1101 477 | 041 0650 650  
info@ppn.co.za  
www.ppn.co.za

### MIV/Vigs-program en nabootstellingsprofilakse Siektebestuursprogram

#### LifeSense

Tel: 0860 50 60 80  
SMS: 31271 om teruggeskakel te word  
Navrae: enquiry@lifesense.co.za  
Voorskrifte en patologie:  
results@lifesense.co.za  
www.lifesensedm.co.za

### Medisyne

#### Dis-Chem Direct

Tel: 010 589 2788  
direct.medihelp@dischem.co.za  
of

#### Medipost

Tel: 012 426 4000  
WhatsApp: 012 426 4655  
life@medipost.co.za

### Raad vir Mediese Skemas

Tel: 086 1123 267  
complaints@medicalschemes.co.za  
www.medicalschemes.co.za

### Algemene vrywaring

Hierdie brosjure is vir bemarkingsdoeleindes saamgestel en bevat slegs 'n opsomming van Medihelp se voordele. In geval van 'n dispuut geld die geregistreerde Reëls van Medihelp. Die inligting in hierdie brosjure is onderhewig aan goedkeuring deur die Raad vir Mediese Skemas. Die inhoud van hierdie brosjure mag van tyd tot tyd wysig. Verwys asseblief na Medihelp se webtuiste vir 'n bygewerkte brosjure of raadpleeg die Reëls van Medihelp vir die jongste inligting. Ons raai jou aan om finansiële advies oor jou gesondheidsorgdekking te kry deur met jou finansiële adviseur te gesels.



# 'n Mediese fonds *in Aksie*

**086 0100 678**

[www.medihelp.co.za](http://www.medihelp.co.za)



Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)



**medihelp**  
Mediese Fonds in Aksie